


Posbus 7113, Newtonpark, 6055
Telefoon (041) 3651233
Faks (041) 3652586
h/v Willetstraat en 4de Laan, Newtonpark, 6045

*'n Blink toekoms begin hier!*

# NUUSBRIEF 14
# 7 MEI 2021

## UIT DIE KANTOOR

Goeiedag Ouers

Ek vertrou dat almal 'n heerlike ruskansie geniet het saam met familie en vriende.

Ons staan aan die begin van 'n interessante en uitdagende kwartaal, maar ook 'n kwartaal wat belaai is met hoop. Ek is egter baie opgewonde oor die kwartaal wat voorlê en weet sommer dat ons met u ondersteuning weereens tot hoë hoogtes sal uitstyg. Dankie aan elke ouer vir u voortgesette ondersteuning en geduld.

**PERSONEEL**
Ons wil Mev. Chantel Schoeman welkom heet as die nuwe graad 5 onderwyseres in Mej. Du Preez se plek. Ons hoop dat sy baie gelukkig by Laerskool Newtonpark sal wees.

**HEMELVAART 13 MEI 2021**
Ons as skool gaan weer die jaar 'n program aanbied vir ons kinders om hemelvaart te herdenk.
**Let asseblief op dat die skool die dag om 12:00 sluit.**

**WINTERSDRAG**
Ons is in die infaseringstydperk van ons wintersdrag en op hierdie stadium mag leerlinge winter- of somersdrag dra. Die datum vir verpligte formele wintersdrag, is 17 Mei 2021.

Ons verwag dat ons leerlinge by die kleredragbeleid sal hou, soos dit voor in die huiswerkboek verskyn.

Die klerewinkel sal oop wees op die volgende dae en tye:

| | |
|---|---|
| Maandag | 07:30 – 12:00 |
| Woensdag | 12:00 – 14:30 |
| Vrydag | 07:30 – 12:00 |

**RAPPORTE EN OUERBESOEKE**
Die res van die skool het hul rapporte op 6 en 7 Mei 2021 ontvang. Baie geluk aan die wat mooi presteer het. Die wat nie so goed gevaar het nie, sal hierdie kwartaal harder moet werk. Teken asseblief die rapport en stuur dit dan volgende week aan die skool terug.

As gevolg van Covid volg ons 'n ander prosedure met die oueraand van 17 Mei 2021. Die ouers wat die skool moet sien, is reeds die week gekontak om afsprake te reël vir die oueraand van 17 Mei 2021. Indien u nie gekontak is nie, en u wil die onderwyser/es sien, moet u volgende week ontvangs bel om 'n afspraak te reël. Dit is van uiterste belang dat u van die geleentheid gebruik maak om probleemareas aan te spreek.

**AKADEMIESE UITSLAE: KWARTAAL 1**
Ten spyte van die uitdagings wat Covid-19 aan ons gestel het, het ons steeds vir kwartaal 1 goeie uitslae op akademiese gebied behaal. 'n Aangepaste leerplan moes gevolg word, onderwysers moes dubbel die werk doen en ouers moes vir die vale tuis met die akademie ondersteun.

In hierdie ontwrigte tye, het Laerskool Newtonpark steeds goeie resultate gelewer:

| **Grondslagfase** | |
|---|---|
| **Graad** | **Slaag %** |
| R | 96,7% |
| 1 | 84,1% |
| 2 | 96,3% |
| 3 | 94,2% |

| **Intermediêre fase / Senior fase** | |
|---|---|
| **Graad** | **Slaag %** |
| 4 | 91,7% |
| 5 | 85,5% |
| 6 | 98,3% |
| 7 | 85% |

**MEIMAAND SE ROOSTER VIR GRAAD 4 TOT 6**
Die tabelle hier onder dui aan wanneer watter groep skool toe kom en watter dag se rooster ingepak moet word. Slegs grade 4 tot 6 volg die spesifieke rooster. Die grondslagfase- en graad 7-leerlinge sal 'n normale skooldagrooster volg. Die groepe waarin die leerlinge ingedeel is, verskyn op D6, onder bronne.

Bestudeer die onderstaande tabelle om u te vergewis van hoe dit gaan werk.

**GROEP A**

| **Datum** | **Dag** | **Rooster gevolg** |
|---|---|---|
| 2021/05/11 | Dinsdag | Volg Woensdag se rooster |
| 2021/05/13 | Donderdag | Volg Donderdag se rooster |
| 2021/05/17 | Maandag | Volg Maandag se rooster |
| 2021/05/19 | Woensdag | Volg Dinsdag se rooster |
| 2021/05/21 | Vrydag | Volg Vrydag se rooster |
| 2021/05/25 | Dinsdag | Volg Woensdag se rooster |
| 2021/05/27 | Donderdag | Volg Donderdag se rooster |
| 2021/05/31 | Maandag | Volg Maandag se rooster |

**GROEP B**

| Datum | Dag | Rooster gevolg |
|---|---|---|
| 2021/05/10 | Maandag | Volg Woensdag se rooster |
| 2021/05/12 | Woensdag | Volg Donderdag se rooster |
| 2021/05/14 | Vrydag | Volg Vrydag se rooster |
| 2021/05/18 | Dinsdag | Volg Maandag se rooster |
| 2021/05/20 | Donderdag | Volg Dinsdag se rooster |
| 2021/05/24 | Maandag | Volg Woensdag se rooster |
| 2021/05/26 | Woensdag | Volg Donderdag se rooster |
| 2021/05/28 | Vrydag | Volg Vrydag se rooster |

**INFASERING VAN BUITEMUURSE AKTIWITEITE**

Ons het aan al die ouers wat aangedui het hul kinders mag aan sport deelneem, vrywaringsvorms gestuur wat op die laatste Maandag by die skool terug moet wees. **Volgens dit wat ons dan terug ontvang, sal ons dan 'n sportrooster uitwerk.**

As gevolg van Covid-regulasies, word net 'n beperkte getal leerlinge per oefening toegelaat. Die program sal so uitgewerk word om al die leerlinge te akkommodeer wie se ouers betyds die vrywaringsvorms terug gestuur het. **Geen laat inskrywings sal toegelaat word nie.** Die wat uitmis, kan eers weer volgende kwartaal bygevoeg word, wanneer ons weer 'n nuwe rooster gaan uitwerk.

Die sport sal dan amptelik 18 Mei 2021 begin as gevolg van 17 Mei se oueraand.

**KARRI-TOEPASSING**

Van hierdie kwartaal af sal ons van die toepassing vir alle kontant betalings soos snoepie-aankope gebruik maak. Lees asseblief weer die inligtingsbladsye op D6 en sorg dat u die toepassing op u selfoon aflaai.

**TOELATING 2022: GRADE R en 1 (BESTAANDE OUERS)**

Ons begin volgende week die proses om met nuwe aansoeke vir 2022 onderhoude te voer. Ons sal ook ons bestaande ouers volgende week oor hul aansoeke vir 2022 kontak. Indien jy nie voor 17 Mei 2021 van die skool rakende jou aansoek gehoor het nie, moet jy asseblief die skool dringend kontak.

Ons sal dit waardeer indien u ons skool by u familie, vriende en ander bekendes aanbeveel.

**D6 COMMUNICATOR**

Daar is nog steeds ouers wie nie die D6 Communicator Toep op hul fone of rekenaars afgelaai het nie.

***Dit is ons enigste formele kommunikasiemiddel met ons ouers!***

Laai asseblief die toepassing onmiddellik af, sodat u alle relevante inligting vanaf die skool kan ontvang.

**LAERSKOOL NEWTONPARK FACEBOOKBLAD**

Besoek gerus ons skool se amptelike facebookblad, @LaerskoolNewtonpark.co.za, die blad se profielfoto is die skoolwapen. Dis lekker om na foto's te kyk en met ons leerlinge te spog. Bly ook op hoogte met die nuutste gebeure.

**SKOOLGELDE 2021**

Baie dankie aan al die ouers wat so gereeld hul skoolgelde betaal. Ek wil tog ‘n vriendelike beroep doen op diegene wat agterstallig is, om die verpligting wat u kind se skoolgelde betref na te kom. Die skool is verantwoordelik vir sy eie rekeninge, want ons kry **minimale** hulp van die staat. Indien daar nie deur ouers gereageer word deur hul skoolgelde te betaal nie, sal die beheerliggaam genoodsaak wees om verdere stappe te neem. Die betaling van skoolgelde is ‘n wetlike verpligting (Staatskoerant no. 29311). Indien u in gebreke bly om u skoolgelde te betaal, sal dit wetlik afgedwing word.

Die volgende wyses van betaling is beskikbaar: maandelikse debietorder oor 10 of 11 maande. (Januarie/Februarie – November en is opbetaalbaar voor/op 30 November 2021. ‘n Debietorder kan slegs op ‘n tjek-/spaar-/transmissie rekening ingestel word.) U mag ook die skoolfonds EFT. Indien u kontant wil betaal kan u by Mev. Laas of verkieslik direk in ons bankrekening betaal.
Op die verwysing van die inbetaling moet u asseblief die rekeningnommer en u kind se van en naam verskaf, en u bewys van betaling aan fin@lnpark.co.za e-pos.

**Alle graad R-gelde is maandeliks vooruitbetaalbaar; en nasorggelde is kwartaalliks streng vooruitbetaalbaar**. Geen verligting word ten opsigte van hierdie dienste toegestaan nie, aangesien hierdie aktiwiteite deel van die skool se vrywillige program is.

**KRY KORTING OP SKOOLGELDE**

Indien u skoolgelde (graad R – 7) ten volle voor/op 31 Mei 2021 betaal word, kan u vir ‘n 5% korting kwalifiseer.

**ELEKTRONIESE BETALINGS**

| | |
|---|---|
| REKENINGNAAM | **LAERSKOOL NEWTONPARK** |
| BANK | **ABSA** |
| REKENINGNOMMER | **1400490089** |
| TAKKODE | **632005** |

Op die verwysing van die inbetaling moet u asseblief die rekeningnommer en/of u kind se van en naam verskaf. ‘n Bewys van betaling moet per e-pos na fin@lnpark.co.za gestuur word.

**GEDAGTE VIR DIE WEEK**

***It is only imperfection that complains of what is imperfect. The more perfect we are, the more gentle and quiet we become towards the defects of others.***

Joseph Addison

***Moeilike keuses word makliker wanneer jy besef dat God steeds daar sal wees as jy klaar gekies het. Maak nie saak wat jy gekies het nie.***

Braam Hanekom

SKOOLHOOF
E-pos: skoolhoof@lnpark.co.za
Tel : 0846935318

# ALGEMEEN

**BELANGRIKE DATUMS VIR <u>VOLGENDE WEEK</u>:**
Die volgende **datums moet u asseblief op u kalender aanteken:**

| | | |
|---|---|---|
| Ma – 10 Mei | : | **Skoolbywoning : Groep B (Woensdag rooster)**<br>Klerewinkel **07:30-12:00** |
| Di – 11 Mei | : | **Skoolbywoning : Groep A (Woensdag rooster)** |
| Woe – 12 Mei | : | **Skoolbywoning : Groep B (Donderdag rooster)**<br>Klerewinkel **12:00-14:30** |
| Do – 13 Mei | : | **Skoolbywoning : Groep A (Donderdag rooster)**<br>**HEMELVAARTDAG**<br>**Skool verdaag 12h00** |
| Vr – 14 Mei | : | **Skoolbywoning : Groep B (Volg Vrydag rooster)**<br>Klerewinkel **07:30-12:00** |
| Sa – 15 Mei | : | **ATKV Redenaars : Semifinale rondte** |

# SPORT & KULTUUR

**RITMIESE GIMNASTIEKKOMPETISIE : 24 APRIL 2021**
Lisa Scheepers in graad 3BL, Emma Scheepers in graad R2 en Scarlett Engelbrecht in graad R2 het 24 April 2021, gedurende die skoolvakansie, aan “All Starz Academy Club Competition” deelgeneem vir “Rhythmic Gymnastics”. Hulle het soos volg presteer:

**Kategorie : “Fun gym” (Ouderdom : o/6)**
- Emma Scheepers : 2de plek
- Scarlett Engelbrecht : 3de plek

**Kategorie : Vlak 1**
- Lisa Scheepers : 3de plek

Baie geluk met julle prestasies!